



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**VERBRUIKERSTUDIES**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| 1 | Kortvrae (Alle onderwerpe) | 40 | 20 |
| 2 | Die Verbruiker | 20 | 20 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising | 40 | 40 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1: KORTVRAE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A–D) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

| **VOORBEELD:** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***1.1.21*** | **A** | **B** | **C** | ~~**D**~~ (X) |

1.1.1 'n Nadeel van organiese boerdery:

A Gewasse kan nie in die winter gekweek word nie.
B Minder grond word vir kweking benodig.
C Onkruidbeheer is moeilik.
D Oesopbrengste is hoër. (1)

1.1.2 Dit is raadsaam om meer vetterige … te eet, om die risiko van koronêre hartsiektes te beperk.

A beesvleis
B hoender
C skaapvleis
D vis (1)


1.1.3 Hierdie drankie kan saam met 'n maaltyd genuttig word om osteoporose te voorkom:

A Swart tee
B Energiedrankie
C Gegeurde melk
D Druiwesap (1)

1.1.4 Om anemie te beheer, moet hierdie drankie tydens 'n maaltyd VERMY word:

A Koffie
B Melkskommel
C Lemoensap
D Water met gas in ('Sparkling water') (1)

1.1.5 Watter voedingsverwante toestand word in die diagram hieronder uitgebeeld?




A Suiwelintoleransie
B Hiperglukemie
C Hipertensie
D Glutenallergie (1)

1.1.6 Baie mense het tydens die 2015 Wêreldbeker-rugbytoernooi Springbok-truie of -T-hemde gedra. Dit toon die invloed van … faktore op modes.

A ekonomiese
B politieke
C sosiale
D tegnologiese (1)

1.1.7 Eko-mode impliseer dat …

A chemiese kleurstowwe gebruik is om kledingstof vir kledingstukke te kleur.
B anorganies gekweekte katoen omgewingsvriendelik is.
C slegs sintetiese vesels gebruik word om kledingstukke te vervaardig.
D die vervaardigingsproses nie die omgewing skaad nie. (1)

1.1.8 'n Huurkontrak is 'n kontrak tussen 'n …

A huurder en 'n eiendomseienaar.
B bouer en 'n grondeienaar
C eiendomseienaar en die munisipaliteit.
D bank en 'n koper van eiendom. (1)

1.1.9 Maandelikse gelde wat 'n huiseienaar moet betaal:

A Tussentydse belasting
B Eiendomsbelasting
C Registrasiefooi
D Oordragfooi (1)

1.1.10 Die regspersoon in 'n deeltitelkompleks …

A het die finale sê oor wie in die eenhede mag woon.
B mag bestaan uit etlike mense wat nie die eenhede besit nie.
C is nie betrokke by die daaglikse bestuur van die kompleks nie.
D moet uit minstens twee prokureurs bestaan. (1)

1.1.11 Die betalingsmetode wat 'n verbruiker die beste kans gee om afslag te kry wanneer hy/sy huishoudelike toestelle koop:

A Kontant
B Kredietrekening
C Kredietkaart
D Bêrekoop (1)

1.1.12 'n Wasmasjien met 'n A-gradering is wenslik, want dit …

A is 'n waterbesparingstoestel.
B is 'n elektrisiteitsbesparingstoestel.
C spaar menslike energie.
D toon goeie universele ontwerp. (1)

1.1.13 'n Faktor wat 'n vereiste is vir hoëgehalte-produkte:

A Interessante verkoopplek
B Kreatiewe advertering
C Nougesette beheer van finansies
D Sorgvuldige berging van produkte (1)

1.1.14 Negatiewe effek van handelsmerkrowery/handelsmerkplagiaat:

A Skep kompetisie in die mark
B Die beeld van die handelsmerkeienaars word verbeter
C Geregistreerde handelsmerke verhoog hul winste
D Geregistreerde merkgoedere betree nie die mark nie (1)

1.1.15 'n Kontantvloeiprojeksie …

A toon die beweging van geld in 'n tydperk in die toekoms.
B identifiseer die verkoopsmikpunte vir die volgende paar weke.
C is 'n volledige beskrywing van 'n bemarkingsplan.
D is 'n lys van al die uitgawes wat aangegaan is. (1)

1.1.16 Watter entrepreneur het 'n swak keuse gemaak met betrekking tot die beskikbaarheid van grondstowwe?

A Bonita koop al haar grondstowwe op 'n nabygeleë dorp.
B Lindiwe se grondstowwe word elke maand vanaf die stad afgelewer.
C Sihle se grondstowwe word plaaslik vervaardig.
D Peet voer hoëgehaltegrondstowwe uit Somalië in. (1)

1.1.17 Die faktor wat duidelik die doeltreffende produksie van 'n entrepreneur, wat na 'n groter perseel skuif om meer georganiseerd te wees, se produkte beïnvloed:

A Verbruikersaanklank
B Higiëne van werkers
C Netjiese werkruimte
D Doeltreffende gebruik van tyd (1)

1.1.18 … is die gevolg van 'n toename in elektrisiteitskoste.

A 'n Afname in die verbruikersprysindeks
B 'n Verhoging in die inflasiekoers
C 'n Verhoging in inkomstebelasting
D 'n Styging in rentekoerse (1)

Lees die inligting hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.19 en 1.1.20.

> JOHANNESBURG – Die Monetêre Beleidskomitee het rentekoerse met 25 basispunte verhoog.
>
> Die koers waarteen die Reserwebank geld aan handelsbanke leen, staan nou op 6,25 persent. Die mark het 'n 25-basispunt-styging ingestel.
>
> [Bron: eNCA, 20 Augustus 2015]

1.1.19 Die definisie vir *rentekoers:*

A 'n Vorm van belasting wat deur banke betaal word vir die leen van geld aan verbruikers wanneer hulle nie geld betyds terugbetaal nie.
B Dit is die inflasie wat veroorsaak word deur geld by beleggers te leen wat hul geld in die bank sit.
C Die bedrag geld wat finansiële instellings of kredietverskaffers vra vir die gebruik van geld.
D Die lisensie om iemand anders se gedeponeerde geld te gebruik en dit met wins/profyt aan die bank terug te gee. (1)

1.1.20 Die betekenis van 'die mark het 'n 25-basispunt-styging ingestel':

A Besighede het nie die pryse van goedere en dienste vir die verbruiker verhoog nie.
B Die besigheidsektor het pryse vir goedere en dienste verhoog.
C Die verbruikersprysindeks is deur die Reserwebank bereken om 6,25% te word.
D Die Reserwebank het die inflasiekoers in Suid-Afrika tot 6,25 basispunte verhoog. (1)

1.2 Dui die tipe voedseladditief/-bymiddel aan wat in elk van die beskrywings hieronder gebruik word. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Additiewe/Bymiddels wat by margarien gevoeg word om olie en water permanent te meng (1)

1.2.2 Additiewe/Bymiddels wat in bevrore joghurt gebruik word om groot kristalle te voorkom (1)

1.2.3 Additiewe/Bymiddels wat by vars gemaalde meel gevoeg word om die gelerige tint te verander (1)

1.3 Identifiseer VIER eienskappe van universele ontwerp in skottelgoedwassers. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Lae waterverbruik
B Maklik om te herstel
C Het 'n lae koolstofspoor
D Buigsame en verstelbare rakke
E Energiebesparingskakelaar
F Verskillende wasprogramme
G Raas nie wanneer gebruik word nie
H Maak outomaties oop wanneer program voltooi is (4)

1.4 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.4.5 H.

| **KOLOM A TERM** | **KOLOM B BESKRYWING** |
|---|---|
| 1.4.1 Kapitaal | A koste soos lone, elektrisiteit, water, administrasie en skoonmaak |
| 1.4.2 Oorhoofse koste/ Bokoste | B geld of bates wat gebruik word om 'n besigheid te begin |
| 1.4.3 Produksiekoste | C oorskot nadat uitgawes afgetrek is |
| 1.4.4 Profyt/Wins | D die koste van die produk word deur die verkope gedek |
| | E die vloei van geld in en uit die besigheid |
| | F die prys vertoon op die produk wat al die koste insluit |
| | G die totale bedrag betaal vir materiaal, arbeid en oorhoofse koste/bokoste |

(4 x 1) (4)

1.5 Kies die beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.5 G.

| **KOLOM A<br>TERM** | **KOLOM B<br>BESKRYWING** |
|---|---|
| 1.5.1 Onwettige stokvel | A 'n verskaffer probeer 'n verbruiker beïnvloed of teister om met hom/haar besigheid te doen |
| 1.5.2 Uitvissing | B 'n tipe swendelary waar persoonlike en finansiële inligting by 'n niksvermoedende verbruiker verkry word |
| 1.5.3 Piramideskema | C vergoeding word verkry deur ander lede te werf eerder as deur die verkoop van goedere of dienste |
| 1.5.4 Wettige stokvel | D hierdie tipe skema bied buitengewoon hoë opbrengste op beleggings |
| | E mense kom bymekaar en beloof gereelde bydraes tot 'n gemeenskaplike fonds |
| | F die verbruiker word 'n hoër rentekoers as die repokoers aangebied |

(4 x 1) (4)

1.6 Kies VYF KORREKTE stellings rakende die foto hieronder. Skryf slegs die letters (A–J) langs die vraagnommer (1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.



Die vrou dra 'n moulose slooprok met drie verskillende kleure. Die rok is donkerblou van die skouers tot by die middel van die bobeen met 'n 5 cm wit strook onder die donkerblou en 'n 20 cm blou-groen strook wat net bokant die knie eindig.

Die man dra blou jeans met 'n wit en blou geruite hemp en 'n ligblou baadjie.

[Bron: www.truworths.co.za]

A Die baadjie is 'n klassieke mode-item.
B Die baadjie is 'n goeie voorbeeld van retrospektiewe mode.
C Die kleur van die baadjie skep die illusie dat die man se figuur skraler is.
D Die kleur van die rok skep die illusie dat die vrou se figuur skraal is.
E Die rok is 'n modeneiging.
F Die rok trek die aandag na die vrou se bene.
G Die rok is vir 'n professionele werk geskik.
H Die rok toon kleurharmonie.
I Die man se hele uitrusting is vir 'n professionele werk geskik.
J Die man se jeans is vir formele geleenthede geskik. (5)

**[40]**

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BELASTINGAANMANING**

Indien jy 'n nie-voorlopige belastingbetaler is, moet jy teen Vrydag 27 November 2015 jou belastingopgawe (of ITR12) op eFiling indien (gebruik die eFiling-platform of elektronies met die hulp van 'n beampte by 'n SAID-tak). Voorlopige belastingbetalers het tot Vrydag 29 Januarie 2016 om hulle belastingopgawes in te dien.

[Vertaal uit: *Weekend Argus*, 31 Oktober 2015]

2.1.1 Noem by wie belastingopgawes ingedien moet word. (1)

2.1.2 Gee 'n ander term vir *nie-voorlopige belasting*. (1)

2.1.3 Trek die tabel hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en vergelyk *nie-voorlopige belasting* en *voorlopige belasting*.

| | **NIE-VOORLOPIGE BELASTING** | **VOORLOPIGE BELASTING** |
|---|---|---|
| **Gereeldheid/Tipe inkomste verdien** | (1) | (1) |
| **Hoe dikwels word die belasting betaal?** | (1) | (1) |

(4)

2.2 Verduidelik die term *vrystellingsklousule.* (2)

2.3 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die regering verskaf gratis elektrisiteit van 50 kWh per huishouding, vir basiese behoeftes.

2.3.1 Noem TWEE basiese gebruike waarvoor hierdie elektrisiteit genoeg is. (2)

2.3.2 Verduidelik hoe huishoudings elektrisiteit kan spaar, met spesifieke verwysing na geisers. (2)

2.4 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**SNAK NA ASEM BY DIE KASREGISTER OMDAT KRUIDENIERSREKENING AL HOE GROTER WORD**

Suid-Afrikaanse verbruikers staar voortdurend stygende voedselpryse in die gesig. Die redes is:

- Inflasie
- Stygende brandstofpryse
- Voedsel wat op krediet (rekening) gekoop word
- Waardevermindering van die rand

[Aangepas uit *Sunday Times,* 11 Mei 2014]

Verduidelik hoe die faktore hierbo daartoe bydra dat verbruikers hulle hande dieper in hulle sakke moet steek. (4)

2.5 Bestudeer die e-pos hieronder wat 'n verbruiker ontvang het en beantwoord die vraag wat volg.

Elite Loans bied tans lenings, teen 'n rentekoers van 4,00%, in die Einde-van-die-Jaar-Spesiale-Leningsaanbod aan. Om deel van hierdie beperkte aanbod te wees, moet jy die volgende inligting per e-pos aan eliteloans@safrica.com stuur: jou ID-nommer, volle naam, beroep, maandelikse inkomste, tipe lening, telefoonnommer en e-posadres.

Ontleed die e-pos en verduidelik, met goeie redes, hoe 'n verbruiker op hierdie geleentheid moet reageer. (4)

**[20]**

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

3.1 Gee DRIE redes waarom antioksidante as voedseladditiewe/-bymiddels gebruik word. (3)

3.2 Gee TWEE riglyne om die risiko te verminder dat disenterie deur water oorgedra word. (2)

3.3 Bespreek TWEE redes vir die voedselbestraling van vrugte en groente. (2 x 2) (4)

3.4 Beantwoord die volgende vrae oor diabetes.

3.4.1 Gee 'n kort beskrywing van die toestand *diabetes*. (3)

3.4.2 Verduidelik wat die verbruiker kan doen om tipe 2-diabetes te voorkom. (5)

3.5 Bespreek hoe 'n hoë inname van vrugte en groente tot die bestuur van anemie sal bydra. (2)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Saul is 'n 36-jarige oujongkêrel wat baie selde self kos maak en gereeld gemorskos eet. Hy strooi altyd ekstra sout oor sy kos.

3.6.1 Gee 'n kort beskrywing van die oorsaak van *hipertensie*. (2)

3.6.2 Verduidelik hoe Saul die hoeveelheid sout in sy dieet kan verminder om hipertensie te voorkom. (5)

3.7 Trek die tabel oor vetsugbestuur hieronder in die ANTWOORDEBOEK oor en voltooi dit.

| KRITERIA | RIGLYN OM VETSUG TE VOORKOM | GESONDER ALTERNATIEF |
|---|---|---|
| **Gaarmaakmetodes gebruik** | (1) | (1) |
| **Koolhidraat-inname** | (1) | (1) |

(4)

3.8 'n Besigheid het 'n voedsel-en-drank-personeelkafee vir werknemers. 'n Gewilde ligte versnapering is toebroodjies met 'n verskeidenheid vulsels.

Kies uit die lys hieronder 'n geskikte kombinasie vir 'n werknemer wat aan koronêre hartsiekte ly en motiveer jou keuse.

| EEN TIPE BROOD | EEN SMEER | EEN PROTEÏENVULSEL | TWEE BYKOSSE |
|---|---|---|---|
| • Wit<br>• Bruin<br>• Volgraan | • Botter<br>• Margarien<br>• 'Lite'-margarien | • Knoffelpolonie<br>• Gerookte hoender<br>• Tuna mayonnaise | • Tamatie<br>• Komkommer<br>• Laevetkaas<br>• Blaarslaai |

(5 x 2) (10)
**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Noem die kwalifiserende kriteria vir vervaardigers om die 'fairtrade'-embleem/ -logo hieronder op hulle klere aan te bring.

(3)

4.2 Noem TWEE tegnologiese faktore wat modeverandering beïnvloed. (2)

4.3 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoe 'n jong volwassene se keuse van klere bydra tot eerste indrukke wanneer hy/sy vir 'n werksonderhoud gaan. (3)

4.4 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Verbruikers is voortdurend op soek na nuwe modeneigings.

4.4.1 Verduidelik wat die uitwerking van die konstante verbruikersaanvraag na nuwe modetendense op modesiklusse sal wees. (2)

4.4.2 Skryf 'n paragraaf wat die negatiewe invloed wat die konstante verbruikersaanvraag na nuwe modetendense op die natuurlike omgewing kan hê, verduidelik. (4)

4.5 Suraya is kort en geset. Sy moet TWEE items in die lys hieronder kies om na 'n besigheidsvoorlegging te dra. Gee TWEE redes vir ELKE keuse.

- Grys baadjie
- Blou denimjeans
- Grys langbroek
- Pienk, geblomde langmou-T-hemp
- Bonkige, rooi, gebreide trui
- Wit langmouhemp

(2 x 3) (6)

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING

5.1 Noem TWEE koste-items wat by maandelikse verbandterugbetalings ingesluit word. (2)

5.2 Definieer die term *titelakte*. (2)

5.3 Munisipaliteite vereis dat nuwe huiseienaars diensaansluitingsgelde moet betaal. Verduidelik waarvoor hierdie gelde gebruik word. (2)

5.4 Noem die inligting wat in 'n kontrak, wat die bouer en die eienaar van die eiendom moet teken, moet wees. (4)

5.5 Beantwoord die volgende vrae oor huiseienaarsversekering.

5.5.1 Verduidelik wat deur huiseienaarsversekering gedek word. (2)

5.5.2 Noem en beskryf nog 'n tipe versekering, wat NIE in VRAAG 5.5.1 genoem is NIE, wat 'n huiseienaar behoort uit te neem. (2)

5.6 Bestudeer die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Lindiwe, 'n Suid-Afrikaanse burger, is 'n jong, enkellopende vrou met 'n korporatiewe werk wat goed betaal en vereis dat sy dikwels in ander stede moet werk. Sy hou van 'n pragtige tuin en swem, maar vind dit moeilik om 'n tuin en swembad te versorg omdat sy baie reis. Sy en 'n vriendin het verblyf gedeel. Nou het sy genoeg geld gespaar vir 'n deposito en wil graag eiendom koop.
>
> Daar is twee eiendomme waarvan sy hou. Een is 'n voltitel-, tweeslaapkamer-huis met 'n tuin en 'n swembad. Die ander een is 'n deeltitel-, tweeslaapkamer-meenthuis in 'n kompleks met 'n gemeenskaplike tuin en swembad. Albei het maklike toegang tot die snelweg.

5.6.1 Verduidelik of Lindiwe vir 'n regeringsbehuisingsubsidie sou kwalifiseer. (3)

5.6.2 Bespreek watter eiendom die beste aan Lindiwe se behoeftes en omstandighede sou voldoen. (5)

5.7 Bespreek waarom koop nie altyd finansieel beter is as om te huur nie. (4 x 2) (8)

5.8 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Student huur 'n klein woonstelletjie wat nie 'n stoof het nie. Die student sien die kooktoestel hieronder getoon in 'n winkel.

**Oond met twee plate**

R1 149,00

Afmetings:
39 cm (L) x 53 cm (B) x 36 cm (H)
Massa: 11 kg

- Groot en klein soliede plate
- Onafhanklike temperatuurbeheer-skakelaars vir oond en plate
- 1 500 watt-oond
- 30 liter-oondkapasiteit
- Funksionele hittekies-skakelaar (Bak/Rooster/Beide)
- Neonkrag-wyslig
- Bykomstighede: Rotisserie, rooster en drupbak met maklik-om-te-gebruik-handvatsel

1 jaar waarborg



[Bron: www.makro.co.za]

Evalueer die geskiktheid van hierdie kooktoestel vir die student, ten opsigte van:

5.8.1 Funksionaliteit (2)

5.8.2 Die verbruik van menslike energie (2)

5.8.3 Die verbruik van nie-menslike energie (5)

5.8.4 Gevolgtrekking (1)
**[40]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Noem die inligting wat op die etiket van 'n produk moet verskyn. (4)

6.2 Noem DRIE doelwitte van advertensies. (3)

6.3 Verduidelik die term *volhoubare produksie*. (3)

6.4 Verduidelik die *vraaggebaseerde prysbepalingstrategie* OF die *premie-prysbepalingstrategie*. (2)

6.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Anati het na skool by 'n tersiêre inrigting begin studeer. In die eerste paar maande op kampus het sy opgelet dat die studente dikwels soet lekkernye geëet het.
>
> Omdat sy op skool geleer het hoe om fudge en meringues te maak, het sy besluit om 'n deel van haar ma se kombuis te gebruik om fudge en meringues te maak. Sy het die kombuis en toerusting gratis gebruik, maar moes 'n bedrag vir elektrisiteit betaal. Anati het van haar spaargeld gebruik om 'n suikertermometer en bestanddele te koop sodat sy met die produksie van die fudge en meringues kon begin. Haar pa het meer rakke in die stoorkamer by hulle huis ingesit om meer ruimte vir die bestanddele en voltooide produkte te skep. Sy moes die materiaal koop wat hy vir die rakke nodig gehad het. Die bestanddele was by die plaaslike supermark beskikbaar en sy kon suiker in groot maat teen 'n afslagprys koop. Daar is 'n vlooimark oor naweke naby die plaaslike supermark.
>
> Anati het haar produkte op kampus verkoop. Die studente het van haar produkte gehou en het 'n groter verskeidenheid lekkergoed, soos nougat en toffies, versoek. Sy het 'n kursus in lekkergoedmaak bygewoon en dit het haar gehelp om haar nougat- en toffieresepte te vervolmaak.
>
> Sy het die meeste van die produkte in vakansies gemaak sodat sy genoeg tyd kon hê om te studeer. Na 'n jaar het Anati dit problematies gevind dat daar in party maande so 'n verskil tussen haar inkomste en uitgawes was. In Desember, Januarie, April en Julie was haar uitgawes baie meer as haar inkomste en sy het nie altyd genoeg geld gehad om bestanddele te koop nie. In Februarie, Maart, Mei, Augustus, September en Oktober het sy 'n hoë inkomste en min uitgawes gehad.

6.5.1 Identifiseer DRIE aanvangsbehoeftes vir Anati se besigheid in die scenario hierbo. (3)

6.5.2 Gee DRIE riglyne om te verseker dat Anati se nuwe bergruimte effektief bestuur sal word. (3)

6.5.3 Gee DRIE vereistes waaraan die verpakking van Anati se meringues moet voldoen. (3)

6.5.4 Bespreek die volgende faktore wat Anati in die keuse van produkte vir haar kleinskaalse produksiebesigheid oorweeg het:

(a) Menslike vaardighede (2)

(b) Verbruikersaanklank (2)

6.5.5 Anati verkoop twee blokkies fudge per pakkie. Gebruik die inligting hieronder om die verkoopprys van EEN pakkie fudge te bereken. Rond die verkoopsprys tot die naaste rand af. Toon ALLE berekenings.

**INLIGTING:**

Koste van bestanddele om een kooksel van 36 blokkies fudge te maak: R31,00
Koste van papiersakkies: R18,00 vir 100
Koste van elektrisiteit: R4,00 per kooksel fudge

Anati wil 120% profyt/wins maak. (7)

6.5.6 Verduidelik waarom daar 'n verskil tussen Anati se inkomste en uitgawes is in die maande wat in die scenario genoem word. (4)

6.5.7 Gee Anati raad oor hoe sy haar inkomste-en-uitgaweprobleem kan oplos. (4)
**[40]**

**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou